

3 September 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 30

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Advertensie
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by www.hervormer.co.za en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

Elke Christen 'n leier

Dit is weer die tyd van die jaar waarin daar by skole soveel wisselende emosie is. Daar is die kinders wat tot die VLR (Verteenwoordigende Leerderraad) of soortgelyke leiersposisies verkies word, en daar is dié kinders wat nie verkies is nie.

Daar is vreugde by diegene wat dit gemaak het en diepe teleurstelling en hartseer by hulle wat uitgeval het. By leerders wat 'n goeie kans gestaan het en tog nie verkies is nie, is daar die worsteling of hulle enigsins leierseenskappe het. Natuurlik is die ouers intens betrokke na watter kant toe die uitslag ook al val. Baie huise het al die vreugde gesmaak van 'n kind wat as leier verkies is en die smart van 'n volgende kind wat nie verkies is nie. Skoolhoofde vertel dat die week van leiersverkiesing van die moeilikste weke in die skooljaar is omdat soveel verwagtinge gekoester word en emosies intens woed.

Daar is soms gemeentes wat iets van hierdie gebeure wil weergee tydens eredienste kort na die verkiesing. Ek weet van 'n gemeente wat die VLR-lede uit verskillende skole na vore geroep het, gelukkigwens het en hulle toe die seënbede toegesing het. Op die oog af 'n goedbedoelde gebaar, totdat 'n mens met 'n ouer in dieselfde gemeente gesels wie se kind nog 'n keer herinner word aan die feit dat hy of sy nie leier geword het nie.

Dit het my laat wonder of die gemeente en veral die erediens enigsins die plek is om prestasies van gemeentelede aan te kondig. Die erediens is immers die één plek in die samelewing waarheen elkeen as gelykwaardig kom – tegelyk sonder en begenadigde. Die erediens behoort die één plek te wees waar daar 'n wyle van die spelreëls van die wêreld ontsnap kan word. Andersyds moet die spelreëls ondersoekend betrag en geweeg word waar God se lig daarop val. Hopelik kom daar altyd perspektief om dié dinge te onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1: 10).

Uiteraard het die gemeente sy leiers soos dit in die ampte gestalte kry. Daar is ook 'n soort informele leierskap wat gedurig op verskillende vlakke in gemeentes afspeel. Maar leierskap in die gemeente is bedoel om diensleiers daar te stel. Diens aan die Hoof van die Kerk en om die verkondiging van die evangelie op elke terrein te laat realiseer – binne en buite die gemeente. Diensleiers wat medegelowiges begelei om diensbaar te wees as gestuurdes in hierdie wêreld.

As gestuurde staan elke Christen in verhoudinge met verskillende medemense in die gemeenskap. Een van die basiese eienskappe van 'n leier is dat hy of sy mense moet kan beïnvloed, en as Christen hopelik positief. In hierdie sin is elke Christen 'n leier of, anders gestel, behoort elke Christen leierskap toe te pas om lewens om ons te beïnvloed ten opsigte van geloof, gesindheid en waardes. Of die skool of gemeenskap jou leiersrol erken of nie, is eintlik irrelevant. Christus roep elkeen om oral hierdie soort leierskap te beoefen. Die gemeente is die plek waar hierdie soort leierkultuur gekweek en aangemoedig moet word. Dit is vanuit die gemeente dat elkeen as Christenleier gestuur word om invloed uit te oefen en 'n verskil te maak.



Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhk.co.za

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html

Ds André Ungerer



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhk.co.za te plaas.

Beroep ontvang

- **Ds Thomas Dreyer** van Wapadrant na Welgelegen-Pietersburg

Beroep bedank

- **Ds Joseph Steyn** van die Stella-kombinasie na Mafeking

Vakante standplaas

- Met ingang van 1 Oktober 2009 sal die **deelsorgstandplaas** van **Gemeente Pietermaritzburg** vakant wees. Hierdie gemeente het wye grense en sluit 'n groot plattelandse streek in, wat nog grootliks geestelik onbearbei is en goeie groeipotensiaal het. Die gemeente wil missionêr gerig wees, om sodoende te groei tot 'n volle standplaas, en is daarom op soek na 'n energieke en dinamiese leraar. Belangstellende predikante word genooi om 'n CV in te dien voor **25 September 2009**. Dit moet 'n kort motivering van die aansoeker se persoonlike visie en vaardighede insluit. Die Kerkraad sal met die aansoekers onderhoude voer, en daar kan van kandidate 'n proefpreek in die gemeente verwag word. Kontak Jaco Behrens by jbehrensm@mweb.co.za of 079 506 9058, of Jan du Plessis by drjandup@xsinet.co.za of 082 859 5251.



Ds Thomas Dreyer


Ds Joseph Steyn

PREDIKANTE EN GEMEENTES

- **Prof Theuns Dreyer** ondergaan op 8 September 'n rugoperasie en sal tot aan die einde van September nie beskikbaar wees vir sy gewone werk nie. Ampsdraers en lidmate word versoek om met die skriba, dr Malan Storm, of die sekretaris, dr Fanie Pretorius, te skakel indien hulle enige hulp of inligting verlang. Prof Dreyer ervaar tans baie las en pyn, en hy word sterkte toegebied vir die operasie.
- **Ds At Mc Donald** was die afgelope week weer in die hospitaal nadat hy talle bloedklonte in sy longe, been en arm gehad het. Dit was die gevolg van behandeling wat hy ontvang teen kanker. Hy is reeds ontslaan en dit gaan beter met hom.
- **Prop Giel Malan** en sy gesin word op Sondag 6 September deur Gemeente Newlands ontvang. Hy word georden en in sy amp bevestig deur ds Tony Simpson. Namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV) sal prof Ernest van Eck groete en gelukwense oordra. Ds David Barnard sal namens die ring van Roodepoort die woord voer.
- **Ds André Oberholzer** en sy vrou, **Linda**, van Gemeente Koedoesrand het Donderdag 27 Augustus 'n seuntjie ryker geword. Simon Petrus het tydens geboorte 3 kg geweeg en is 'n klein wonderwerkjie, aangesien sy moeder 'n hemipleeg is.
- **Ds Cobus Manders** en sy vrou, **ds Mari du Plessis-Manders**, van Gemeente Suidoos-Witbank het op Sondag 2 Augustus hul dogtertjie Annemae gedoop. Mari het die diens gelei, en Cobus het die doop behartig.
- **Die volgende predikante verjaar van 4 tot 11 September**, en word hartlik geluk gewens:
 - o Vrydag 4 September: Prop Giel Malan



Prof Theuns Dreyer




Prop Giel Malan en sy gesin



Di Cobus Manders en Mari du Plessis-Manders met Annemae



- o Saterdag 5 September: Ds Deirdre van der Merwe-Botha
- o Sondag 6 September: Ds Paul Buitendag
- o Maandag 7 September: Ds Kobus Müller
- o Dinsdag 8 September: Ds Manda le Roux
- o Woensdag 9 September: Ds Louis Venter
- o Donderdag 10 September: Ds Gert van Staden (emeritus, Rustenburg)
- o Vrydag 11 September: Ds Dries Beukes en dr Gerrie Bloem



- *Johannes Hus, priester, dosent, rektor, formidabele prediker, volksman en 'n voorloper van die Hervorming, 'n man van gewete en lojale vriend, se erfgoed lê uitgesprei oor die sewe seë heen – wyer as sy as op die Ryn.* Die boek *Johannes Hus. Martelaar van inbors* deur **prof Hennie van der Westhuizen** het pas verskyn. Bestel die boekie teen R50 (posgeld uitgesluit) van mev Joekie van der Westhuizen by 082 340 0720.



- Gemeentes, kerkrade en bedienaars van die Woord word herinner aan die **tweede deurkollekte** wat vir die **Teologiese Opleidingsfonds** afgesonder word, naamlik op **6 September**. Kontak dr Barry van Wyk, Fondssekretaris, by 014 717 4013, 082 828 5711 of bv@vodamail.co.za vir meer inligting.

- Die **Kuratorium**, wat toesig hou oor die teologiese opleiding van ons Kerk, is vanjaar 100 jaar oud. Dit word **Sondag 6 September** gevier terwyl die werk van die Teologiese Opleidingsfonds ook met 'n spesiale brosjure in al die gemeentes bekendgestel word. Twee preeksetse wat by die geleentheid vir die erediens gebruik kan word, is op die Kerk se webblad by www.nhk.co.za beskikbaar.



Ds Marius Bacon

- Die **jaarlikse Predikantevergadering** vir predikante, emeriti en professore vind op **Woensdag 9 September** by Gemeente Swartkop plaas. Registrasie is van 08:30 tot 09:30. Die koste is R100 per persoon, wat 'n ete insluit. Dr Stephan Joubert, proff Ernest van Eck, Yolanda Dreyer, Andries van Aarde en Johan Buitendag sal optree, en die tema is *Geestelike leier in 'n veranderde wêreld*. Verskonings en lief en leed moet skriftelik by ds Marius Bacon ingedien word, by bacnm@telkomsa.net of Posbus 6316, Ansfreere 1711.

- Die **5de Algemene Diakensvergadering (ADV)** vind plaas van **19 tot 22 Mei 2010** in die kerkgebou van Gemeente Meyerspark. Alle verslae en beskrywingspunte moet die kantoor van die Kommissie van die ADV nie later nie as **20 Maart 2010** bereik.

- Die Maranatha Reformed Church of Christ (**MRCC**) se **11de Algemene Kerkvergadering** is geskeduleer vir **28 September tot 1 Oktober** by Mimosavakansieoord in Parys, Vrystaat. Ds Joseph Motloba versoek dat Hervormde lidmate en predikante in die omgewing van Parys die Tumahole/Parys-gemeente van die MRCC moet kontak indien hulle op enige wyse behulpsaam kan wees. Skakel met ds Tiisetso Leema by 073 865 7639, ouderling Phutha by 073 269 6524, of ds Motloba by 012 322 8885 x262.

- Die gemeentes **Belfast, Dullstroom en Waterval Boven** voer onder leiding van die Ringskommissie van Middelburg gesprek oor moontlike toekomstige samewerking. Al die standplase is tans vakant. Kleiner gemeentes beseft al hoe meer dat samewerking nodig gaan wees ten einde volledig versorgde standplase daar te stel. Die gemeentes **Ruskoppies en Joachim Prinsloo** praat ook oor moontlike samewerking, en word bygestaan deur die Ringskommissie van Krokodilrivier.

- Die **Kommissie van die AKV** kom op **Donderdag 10 en Vrydag 11 September** byeen vir sy **kwartaalvergadering**. Dr Daan van Wyk, visevoorsitter van die Kommissie, sal in die afwesigheid van prof Theuns Dreyer die vergadering lei. Sake wat aandag sal kry, sluit die volgende in: verslae van ringsvergaderings; die



Dagbestuur van die ADV se jaarlikse gesprek met die Kommissie; aansoeke van gemeentes om uitstel van beroepswerksaamhede, gebruik van pastorale hulp en opheffing van standplase; apostolaat en missionêre gemeentes; 'n uitvoerige verslag van SENTIK; die kwartaalverslag van die Komitee vir Huweliks- en Ander Sinvolle Verhoudingsmoontlikhede; 'n uitvoerige verslag van die Raad van Finansies; voorgestelde wysigings aan die Kerkorde, veral rondom Ordinansie 8 en die Reglemente vir die Prosedure by die Ondersoek na 'n Klag; en 'n voorstel vir die wysiging van Ordereël 4.



Ds Kathleen Smith

- Die Kerk word soms daarvan beskuldig dat daar nie veel gedoen word vir mense wat geïnfekteer is met of geïnfekteer word deur die MIV-virus nie. Tog gebeur dit dikwels dat Hervormers mekaar raakloop by konferensies en werkwinkels oor MIV. Soms woon die lidmate die konferensie by namens 'n bepaalde organisasie, en soms tree hulle as kundige sprekers op. Dié lidmate doen baanbrekerswerk in die stryd teen MIV. Die **werkgroep vir MIV/vigs** wil 'n **databasis** saamstel van lidmate wat op hierdie terrein werk. Indien u dalk self daarby betrokke is of weet van iemand, kan u die kontakbesonderhede deurgee aan ds Kathleen Smith by kathleen@adept.co.za of 021 551 5264.



Pieter van den Berg

- **Gemeente Belfast** het 'n nuwe e-posadres. Dit is nedbelfast@telkomsa.net. Bring asseblief die nuwe inligting aan op bladsy 59 van die *Almanak*.
- **Gemeente Potchefstroom-Suid** se geskiedenis vanaf 1955 tot 2005 (50 jaar) is geboekstaaf in 'n besondere **Gedenkbundel** wat teen R40 (posgeld ingesluit) beskikbaar is. Kontak die gemeentelike kerkkantoor (Dinsdae tot Donderdae van 07:45 tot 11:45) by 018 294 6871.



Dr Daan van Wyk

- **Gemeente Pretoria-Oos** bied op **Vrydag 4 September** om 19:30 'n **koorfees saam met Pieter van den Berg** aan. Dit vind plaas in die gemeente se kerkgebou by Delyweg 100 (by Matroosberg), Waterkloofpark. Kom geniet koormusiek, orkeswerke, orrelspel en samesang met die F# Koor, die Oos-Rand Filharmoniese Jeugorkes, orrel en doedelsak. Toegang is R50 per persoon, en kaartjies is by die deure beskikbaar en by Pieter van den Berg, 072 041 3954. Na die konsert word verversings in die saal bedien.

- **Gemeente Buffelspoort (voorheen Marikana)** wy op **Sondag 6 September** sy **nuwe kerkgebou** in. Die gebou is opgerig op 'n terrein langs die ou Rustenburg-Brits-pad, 1,2 kilometer oos van die ATKV-oord Buffelspoort. Kontak ds Neels van Tonder by 072 633 3367 of nvtonder@vodamail.co.za as u die geleentheid wil bywoon.

- **Gemeente Springs-Oos** is op **9 September 50 jaar** oud. Tydens die **Feesnagmaal op Sondag 13 September** sal dr Daan van Wyk, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, groete en gelukwense oordra. 'n **Gedenkalbum** en talle ander gedenkartikels is ook beskikbaar. Kontak die skriba, oudl Retha Laubscher, by 083 475 1962 of rethalaubscher@telkomsa.net.



Chata Romano

- Alle Hervormde vroue word uitgenooi om die **NHSV se Streekbyeenkomste** by te woon. Dit vind plaas **tot Saterdag 12 September**, en behandel onder meer die tema *'n Tyd om te volhard. Hervormde vroue in gesprek*. Gedurende **2010** vier die NHSV haar **70ste bestaansjaar**. Besonderhede is beskikbaar van die NHSV hoofbestuur. Kontak mev Jeanette Fourie by 012 325 0117 of nhsvhoofbestuur@nhk.co.za.

- **Gemeente Rooihuiskraal** bied op **Saterdag 12 September** van 09:00 af 'n **Lente-Damestee** aan met **Thinus van Staden** as die kunstenaar. **Chata Romano** gaan 'n werkwinkel aanbied oor kleur, styl en dameskleredrag. Kaartjies kos R100 per persoon. Kontak Janette van Rooyen by 083 369 9284 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 657 1281 vir meer inligting.



Sonja Herholdt



Leerders van Transoranje-skool vir Dowes se koor sal optree



Bejaardesorgsondag


- Die **NHSV Meyerspark** bied op **Saterdag 12 September** om 09:30 'n **Lentetee** aan met die tema *Die hartklop van vrouwees – 'n musikale motiveringspraatjie deur Sonja Herholdt*. Dit vind plaas by die kerkgebou te Havelockstraat, Wilgerpark (net af van Simon Vermootenstraat). Die koste is R100 per persoon, wat verversings insluit. Kontak Gonda Viljoen by 012 803 2814 of Franie Kluyts by 012 803 7528. Die fondsinsameling is ten bate van Van Rensburg-tehuis vir Bejaardes.
- Die Ringsdiakensvergadering van **Noordelike Pretoria** en **Gemeente Wonderboom-Suid** bied op **Sondag 13 September** om 18:30 'n **erediens** aan waartydens **Transoranje-skool vir Dowes se koor** sal optree. Die deurkollekte sal gaan aan die Transoranje Instituut vir Buitengewone Onderwys (TOIBO). Vir meer inligting kan die volgende persone gekontak word: Ds David du Plessis by 082 333 7450, diaken Daleen Smith by 073 229 3814, of diaken Andries Pretorius by 082 490 5378.
- **Sondag 20 September** is **Bejaardesorgsondag**. 'n Spesiale liturgie word beplan vir dié dag. Die **brosjure** met dié besondere liturgie sal tydens die Predikantevergadering op 9 September aan predikante uitgedeel word. Leraars wat nie die Predikantevergadering bywoon nie, moet met dr Wilhelm Coetzer of mev Marié van Niekerk by 012 322 8885 in verbinding tree, sodat die brosjure aan die betrokke gemeentes gepos kan word.
- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 10 Oktober** om 14:00 'n **damestee** aan in die kerksaal, hv Steven Masango en Mc Donaldstraat, Belfast. Die tema is *Almal dra 'n hoed!* Die koste is R60 per persoon, en vir bejaardes R30 per persoon. Skakel 013 253 1601 vir meer besonderhede.
- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar**. Hulle hou **gemeentefees** van **Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober**, en wil ook 'n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds André Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of anly58@gmail.com.

Basaars en ander fondsinsamelings

- **Gemeente Wesmoot** wil graag 'n bussie koop vir die vervoer van jongmense en bejaardes. Maak asseblief 'n donasie van R15 – SMS **WESMOOT** na 39055.
- In samewerking met wêreldklas mesmaker Ras Venter, stel **Gemeente Springs-Oos** hul **feesreeks messe** bekend, om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**. Bestel nou om die gemeente te ondersteun, en 'n 10de van die aankoopprys gaan aan die gemeente se fonds om 'n ouetehuis te bou. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel.
- Alle gemeentes word uitgenooi om aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-'n-boerdery-kompetisie** deel te neem. 'n Pakket bestaan uit 50 boekies met 10 kaartjies elk @ R100 per kaartjie. Daar is dus die geleentheid om R50 000 in te samel met verkope. Die twee gemeentes vra net R5 000 vir 'n gemeente se deelname. Sou u al die kaartjies verkoop, is R45 000 dus u gemeente se eie. **Ons hou die kommissie en u kry die profyt!** Die 1ste prys is 10 verse en 'n bul (of R40 000 kontant), die 2de prys is 10 ooie en 'n ram (of R10 000 kontant), en die 3de prys is een week vakansie by die Suidkus. Daar is ook ander kleiner pryse. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Predikante, skribas en kassiere word genooi om Jaco Labuschagne te kontak by 083 779 7954 of die kolporteur by kolporteur.nhk@gmail.com vir meer inligting of bestellings.



Ds Pierre Roets



Andriëtte



Kurt Darren

Mathys Roets

- **Gemeente Zuurfontein se Karnaval** begin om 15:00 op **Vrydag 4 September**. Sondag 6 September hou hulle 'n Lof- en Jubel-erediens om 09:00. Kontak die skriba, Eddie Huggett, by 079 895 6102, 011 975 4114 (kantoorure) of eddiehuggett@live.co.za.
- **Gemeente Oos-Moot** se jaarlikse **gholfdag** vind plaas op **Vrydag 4 September** by die Dienstebaan. R250 x 4 se inskrywingsgeld word gevra, wat etes insluit. Vir meer besonderhede, skakel Susan van Heerden by 082 909 1710 of die gemeentelike kerkkantoor by 012 333 4918.
- **Gemeente Hartebeestpoort** se **basaar** vind plaas op **Saterdag 5 September** van 09:00 af op die kerkterrein regoor die munisipale kantore in Brits. Kom koop vleis, maalvleis teen net R30 per kg, en kom proe hoe smaak die krokodil-roerbraai. Wildsbokke word opgeveil en daar is vakansie-akkommodasie te wen. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 252 4315, Daan by 082 807 4225, of daanvanheerden@telkomsa.net.
- **Gemeente Naboomspruit** hou op **Saterdag 5 September** om 18:00 'n **Osbraai** op die kerkterrein. Die koste is R50 per volwassene en R20 vir kinders onder 12 jaar. Bring u eie eetgerei en drinkgoed saam. Kontak Lena Kruger by 082 468 0814 of 014 743 1325 vir meer inligting.
- **Gemeente Bothaville** hou op **Saterdag 5 September** hul jaarlikse **basaar**. Die tema is 20/Twintig Wêreldkrieket. Vanjaar kry hulle 20 of meer spanne vanuit die dorp en omgewing om deel te neem aan boeresport/waterkaskenades/sports. Vir meer inligting, kontak Douthie Vermaak by 056 515 673 of douthie@vodamail.co.za, of ds Attie Hattingh by 056 515 2420 of ajh@nhk.co.za.
- **Gemeente Magaliesburg** bied op **Saterdag 5 September** die **Magalies Biltongfees** aan. Wen slagbeeste, 'n slagskaap en 'n slagvark teen R50 per inskrywing. Gaskunstenaars is Andriëtte en Lianie May, en 'n Mej Biltongfees sal gekroon word in 4 ouderdomsgroepe. Rig navrae oor Mej Biltongfees aan Sunja by 084 923 0867, oor die kompetisie aan Jenny by 082 491 2625, en oor die fees self aan Anita by 083 455 9525 of Rita by 083 733 9595. Besoek ook www.baiebiltong.co.za.
- **Gemeente Pretoria-Oos** bied op **Dinsdag 8 September** 'n **gholfdag** aan by die Waterkloof Gholfklub. Skakel met die gemeentelike kerkkantoor vir meer inligting of om in te skryf. Kontak Diana Henry by 012 460 8441 of ptaos@nhk.co.za.
- **Gemeente Zoutpansberg** bied op **Donderdag 10 September** om 18:30 op die Louis Trichardt-skougronde 'n **konsert** aan met Kurt Darren as kunstenaar. Kaartjies is R100 per volwassene en hoërskoolleerling, R60 vir laerskoolkinders, en gratis vir voorskoolse kinders. Kontak ds Piet van der Merwe by 015 516 1229, 082 678 3537 of 082 226 9602.
- **Gemeente Montana** bied op **Vrydag 11 September** om 19:00 'n **vertoning met Mathys Roets** aan by Montana Hoërskool. Kaartjies kos R100 (volwassenes) en R50 (laerskoolkinders). Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 012 567 1753, Salomie Stoltz by 083 308 0520 of Jorina Erasmus by 072 171 2502.
- Die gemeentes **Noordwestelike Pretoria** en **Philadelphia** bied op **Donderdag 17 September** 'n **gholfdag** by Akasia Gholfklub aan. Kontak Stephen by 083 781 2955) of Sanrie by 083 226 1866.
- **Gemeente Midrand** bied op **Donderdag 17 September** 'n **gholfdag** aan by die Leeuwkop Buiteklub in Midrand. Dit sluit halfweghuis, dinee en vele pryse in. Kontak Nelia van Huyssteen by 082 558 9629 of johanvh@global.co.za vir meer inligting.



Lianie May



NIANELL



Ds Arno Nieuwhof

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied op **Saterdag 19 September** om 19:00 'n **opelugkonsert met Lianie May** aan by Laerskool Theresapark. Bring asseblief stoele saam. Daar sal etes te koop wees. Kaartjies kos R60 per volwassene en hoërskoolleerlinge, en R30 vir 'n laerskoolkind. Kontak ds Janine Bevollo-Manders by 083 260 0983.

- Die bestuur van die **Van der Hoff Teologiese Vereniging** beplan 'n **gholfkompetisie vir Dinsdag 22 September**. Kontak Marius Kramer by 082 346 7258, Elritia le Roux by 083 503 4262, Tiaan Loedolff by 073 529 1538, of Lise-Marie Swanepoel by 083 943 4561.

- **Glam Guru** (Hannon Bothma en span) kom kuier by die **NHSV Villiers** op **Woensdag 14 Oktober** om 18:30. Kaartjies kos R100 per persoon. Daar sal ook 'n gelukkige trekking wees. Dit is net 100 km van Johannesburg af. Kontak Helen du Preez by 082 417 5188 vir meer inligting of kaartjies.

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholfdag** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.

- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en 'n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.

- **Gemeente Waterberg** in Nylstroom hou 'n **gholfdag** by Koro Creek Gholffklub op **Saterdag 24 Oktober**. Vir meer inligting, skakel Ina Lategan tussen 08:00 en 13:00 by 014 717 3355, of James van Zyl by 014 717 2244. Groot pryse is op die spel!

- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 31 Oktober 'n gholfdag** aan. Skakel Christelle by 083 737 4930 vir meer inligting.

- **Gemeente Witbank** bied 'n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Die 1ste prys is 'n motorboot van R160 000; die 2de, 3de en 4de pryse is naweke by die oord; die 5de prys is 'n kajak van R6 000; en daar is verskeie kleiner pryse te wen. Inskrywings kos R250 per hengelaar. Daar is ook die geleentheid om 'n geslagte en verpakte beestollie te wen deur 'n lootjie van R50 te koop. Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg 'n Kersmark**. Daar sal baie mooi Kersgeskenke wees, teen bekostigbare pryse. Kom geniet die dag saam met die Waterbergers. Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.

- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember 'n Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

ANDER NUUS



- Gemeentes moet asseblief daarop let dat die **Sinodale Kerkkantoor** op **Vrydag 4 September** gesluit sal wees. Dit is **Loslitdag**, en die personeel gaan gesellig saamkuier by Gemeente Wapadrant.

- Op **Saterdag 5 September** om 19:00 in Carnival City se Big Top Arena vind die **Afrikaanse Musiekfees** vir die agtste jaar plaas. Met meer as 17 kunstenaars



op een verhoog, is dit een van die grootste musiekfeeste in die land. **to care** het 'n beperkte aantal kaartjies teen R50 afslag per kaartjie! Betaal slegs R100 vir 'n R150 sitplek! Kontak Linda by 012 322 8885 x205 of linda@tocare.co.za.

- Die **to care foundation** bied weer **Placécol**-bederfdae aan op **Saterdag 10 en 17 Oktober**. Vir slegs R150 ontvang jy 'n gesigbehandeling, rug- en nekmassering asook 'n manikuur in 'n sessie van 'n uur en 'n half. Die sessies is van 08:30 tot 10h00; 10:30 tot 12:00; 12:30 tot 14:00. Kontak Linda by 012 322 8885 x205 of linda@tocare.co.za om plek te bespreek.
- Die **2010-pryse van die publikasies** is nou bekend. Gemeentes word versoek om hul bestellings **teen die einde van Oktober 2009** aan mev Susann van Zyl van SENTIK deur te gee, by 012 322 8885 x291, faks 012 322 8885 7906, of sentik@nhk.co.za.

Die Hervormer: R80 (vir 11 uitgawes)
Konteks: R120 (vir 10 uitgawes)
Almanak en Bybelse Dagboek: R100

Belangrike vergaderings

- Die volgende vergaderings is vroeër beplan, maar kon moontlik intussen verander het. Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
 - Vrydag 4 September: Komitee vir Kerk en Wêreld; Komitee vr Etiese Sake; Komitee vir Kerk en Teologie
 - Saterdag 5 September: Hoofbestuur van die NHSV
 - Maandag 7 September: Komitee vir Liturgiese Geskrifte; Komitee vir die Hersiening van die Kerkorde
 - Woensdag 9 September: Direksie van die Kinderhuise
 - Donderdag 10 en Vrydag 11 September: Kommissie van die AKV

KOMMENTAAR

“In aansluiting by die voorbladartikel oor Afganistan (*e-Hervormer*, 27 Augustus) en met verwysing na die film *The kite runner*, wat seker die mooiste en hartseerste flik is wat ek nog gesien het, noem ek graag van 'n boek deur dieselfde skrywer, naamlik *A thousand splendid suns*. Daarin gaan dit meer spesifiek oor die lot van vroue en vroulike kinders in Afganistan. Groete en dankie vir die *e-Hervormer*. Ek wag weekliks in groot afwagting daarop.”

Ds Elsie Pretorius, Weltevreden

“Dankie vir al julle harde werk om hierdie elektroniese media tot ons almal se beskikking te stel. Dis so lekker om dit te ontvang.”

Daleen Smith

ADVERTENSIE

Vakansieverhuring: Huis met praguitsig in **Heroldsbaai** te huur vanaf **1 tot 17 Desember 2009 en vanaf 3 Januarie 2010**: 3 slaapkamers, 2 badkamers, binnebraaiplek, groot stoep, ontspanningsarea, waskamer en enkelgarage. Slaap 6 tot 8 persone. Die huis is in 'n sekuriteitskompleks geleë. Verhuringstydperk is 'n minimum van 7 dae. Die tarief is R900 per nag, elektrisiteit uitgesluit (koopkrag). 'n Deposito is betaalbaar. Duvets en kussings word voorsien, maar die huurder moet eie linne en handdoeke saambring. Foto's is op aanvraag beskikbaar. Skakel M van Deventer by 012 348 5514.



Bybelverhale vir kinders

Kadot en die profete is 'n splinternuwe DVD wat vir kinders die verhale van 10 van die Ou-Testamentiese profete vertel. Die DVD het sy wortels in die Hervormde Kerk, en die teks van die verhale is deur ds Petrus Harmzen van Hartbeesfontein/Gerdau geskryf. Ds Harmzen het uittreksels uit die DVD vir die Moderamen kom wys, en hulle was positief oor die inisiatief. Oudl Freda Wilkens, 'n onderwyskenner en lid van die Moderamen, was opgewonde en het gesê dat die DVD beslis 'n groot treffer sal wees onder kleuters en jong kinders.

Kadot is die naam van 'n plaasdonkie met baie vroeë. Kadot is spesiaal geskep om 'n karakter te hê waarmee klein kindertjies kan identifiseer. Hy praat oor allerlei sake met die jong akteur, Ivan Botha, en die bekende sangeres, Helenè Bester. In die proses vertel hulle die Bybelverhale van die profete vir jong kinders. Daar is mooi wisseling tussen tonele waar Kadot met die twee akteurs praat, en animasie wat die verhale van die profete illustreer. Elke storie dra 'n Bybelse boodskap oor. Aan die einde van elke episode sing Helenè 'n treffende liedjie, waarvan sewe spesiaal vir hierdie DVD geskryf is. Die verhale is ideaal vir gebruik by kinderkerk, katechese vir klein kindertjies, kleuterskole, of sommer by die huis waar 'n ma die jongspan op 'n konstruktiewe manier wil besig hou.

Hierdie DVD is pas vrygestel, en is nog nie oral in die handel beskikbaar nie. Dit kan nou reeds by SENTIK se boekwinkel verkry word teen die spesiale prys van R120 (posgeld uitgesluit). Kom loer in by die nuwe SENTIK-boekwinkel, of kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291 of sentik@nhk.co.za.

